OEFEN

[Deel 1 | **REIN GEWETE VOOR GOD EN MENSE**]

SKRIFLESING Hand. 24:1-21
TEKSVERS Hand. 24:16

- Dit is belangrik dat ons moet weet wat ons glo. Natuurlik, is dit van kardinale belang dat ons oortuigings met die Woord van die Here belyn moet wees.
- Ons moet ook 'n stap verder neem, en dit is dat ons standpunt ten opsigte van ons oortuigings moet inneem (I Kor. 15:58)
- Is jy gereed en bereid om standpunt in te neem vir dit wat jy glo; en om jou geloof te verdedig?

1. Opposisie

Soms is daar opposisie omdat mense onkundig is

- Mense weet nie wat hulle nie weet nie. En hulle vasberadenheid om getrou te bly aan wat hulle wel weet is dieselfde vasberadenheid wat jy het om getrou te bly aan wat jy weet.
- Natuurlik, en hier kom die verskil in, is die deurslaggewende faktor om te weet wat die Bybel sê en daarby te bly: II Tim. 2:15
- Onkunde en 'n vasberadenheid ten opsigte van oorlewering en tradisies is soos 'n sluier wat oor mense se oë hang: II Kor. 3:14-18
- Dit is gevolglik die waarheid dat sommige mense moet kom tot op die plek van geloof waar jy is ... en, waarskynlik, moet jy ook kom tot op die plek van geloof waar iemand anders jou voor is (Hebr. 6:11).
- I Pet. 2:2
- Die Goeie Woord van die Here voed ons, sodat ons kan opgroei om nie meer kindertjies te wees nie (I Kor. 3:2), maar volwassenes in die Here sal word - Hebr. 5:13-14

Soms is daar opposisie as gevolg van vyandigheid teenoor die waarheid

- Gal. 4:16
- Paulus gaan selfs so ver om te verduidelik dat ons die insig moet hê om te verstaan dat mense wat die waarheid opponeer nie in stryd met die gelowige is nie, maar dat diesulkes vyande van die kruis is (Fil. 3:18).
- Matt. 5:10-12

Oefen jou om te staan

- Dit bring ons juis by ons gelese gedeelte en teksvers:

"Daarom oefen ek my ook om altyd voor God en die mense 'n rein gewete te hê."
[Hand. 24:16]

- Oefen:
  - Om die kuns te bemeester ...
  - Om te strewe om verder te ontwikkel in ...
  - Om te oefen en die pyne te vat wat daarmee saamgaan ...

Dit is dus duidelik, dit vereis dissipline om in tye van vervolging en vyandigheid kalm te wees (beheersd) en aan die waarheid getrou te bly.

- Dit vereis deursettingsvermoë. 'n Deursettingsvermoë wat geïnspireer word deur woorde soos II Tim. 1:12.
- Bly kalm en behou fokus.

Ons moet onsself daarin oefen om in die verdediging van ons geloof met integriteit op te tree.

- Moet nie kompromieë aangaan nie!
- Die ontwikkeling van 'n goeie en rein karakter is baie belangriker as gemak en gerief.
- Bly getrou aan jouself ten opsigte van jou karakter.
- Hand. 20:24
- Verder, bly getrou aan wat en in Wie jy glo!
- I Pet. 3:16-16; Gal. 1:10

TEN SLOTTE ...

Kom, ons bly getrou aan die Here en aan sy Woord.
Wanneer ons dit doen - dan oefen ons onsself om met integriteit op te tree sodat ons altyd 'n rein gewete voor God en mense mag behou.

PHILIP DE JAGER
Leef die Woord, 05/01/2025
2025/02